

'n Ongeskonde uithoek

DIS WOES. Jy kan na aan die Epupa-
waterval staan en kyk hoe die
Kunenerivier aftuimel op pad na
die Atlantiese Oseaan.

Van die Kunene se suidelike oewer af sal iemand met 'n sterk arm 'n klip tot in Angola kan gooi, só 'n uiterste hoek van Namibië is dit dié. En ook net 'n smal strokie van die rivier is vir besoekers beskore, maar dit sal van die rustigste voëlkykers tot wilde avontuursoekers bekoor.


WOORDE EN FOTO'S **FRANÇOIS HAASBROEK**



Naby 'n klein dorpie op die Bié-plato in Angola vloei 'n stroompie. Soos wat sytakke by hom aansluit, word die stroom 'n rivier en net meer as 1000 km verder mond die Kunenerivier uit in die Atlantiese Oseaan.

Die Kunene is nog wild. Groot dele is nie eens met 'n 4x4 bereikbaar nie en van onder die Epupa-waterval tot by die see behoort die rivier grotendeels aan krokodille.

Maar in die teenoorgestelde rigting, oos van Epupa, klou klossies beskawing aan die oewer vas. My plan is om hierlangs te ry en te kyk hoeveel van die Kunene 'n mens kan sien, waar jy kan bly en wie die mense is wat dié ongetemde rivier hulle tuiste noem.



Waar die Kunene kantel

Noord van Opuwu, op die C43-pad na die Epupa-waterval, wys 'n padbordjie na Swartbooisdrif – 'n stippeltjie op my GPS, sowat 85 km stroomop van Epupa.

Om kampvure op pad hierheen is ek gewaarsku dat dit byna tien ure vat om die entjie D3700-pad wat tussen die twee al teen die Kunene langs kronkel, baas te raak. “Jy moet 'n hoërgraad-4x4 hê” en “jy kan dit nooit alleen aanpak nie!”. Nee, 'n mens draai glo bo by die Epupa-waterval om, ry terug na hierdie afdraai en ry dan oor Swartbooisdrif 'n ompad van sowat 100 km tot waar jy weer by 'n meer begaانبare deel van die rivierpad aansluit.

Dié vermanings knaag aan my, daarom merk ek die afdraai om veiligheidshalwe op my GPS. Maar dié besluit is nog nie vandag se bekommernis nie – eers waterval toe!

Opuwu is die hoofdorp van die geweste en die laaste plek waar jy kan brandstof ingooi en inkopies doen. Dit is ook waar die teerpad ophou en die laaste 180 km waterval toe is geskraapte grondpad.

Hoe nader jy aan die grens van Angola kom, hoe meer bergagtig raak dit. Die pad loop heuwel op en heuwel af totdat jy 'n vaalgroen strook in die volgende vallei sien: die palmbome op die oewers van die Kunene.

'n Week gelede het ek by die Kunene se mond aan die Skedelkus gestaan (bl. 10). Die rivier was daar meer as 1 km breed, rustig en omring deur sand en klip – nie 'n plantjie in sig nie. Hier is die prentjie

KAMP ONDER DIE MAKALANI-PALMS (oorkantste bladsy, bo). By die Epupa Falls Lodge stroom die water by jou tent verby soos die Kunene versnel op pad waterval toe. Saans word jy aan die slaap met die gedreun van die waterval in die agtergrond.

heel anders: Die rivierloop is smaller, die landskap rondom is ruig bebos en die teen die water staan dit dig van makalani-palms en wildeveybome. Waar die water in die mond spieëlglad en kalm was met 'n paar pelikane wat rondgedobber het, kook hier iets van 'n ander aard.

Soos jy teen die hoofpad langs bultaf ry na die Epupa-dorpie toe, draai 'n tweespoorpaadjie na links teen 'n heuwel op.

Vir jare was Epupa 'n cul de sac met net een goeie pad tot hier, wat maak dat jy nie Epupa as nog een van 'n string bestemming op jou vakansieroete kon saamsnoer nie. As jy jouself hier bevind, is dit omdat jy om goeie rede hier wóú uitkom. En dié rede is vir die meeste mense die uitsig van daárdie heuwel af.

Dis al laat, maar ek vat die tweespoor tot bo-op die bultjie en klim uit. Hier onder my tuimel die Kunene oor 'n 50 m hoë afgrond in 'n klomp geute af wat saam die Epupa-waterval vorm. Van hulle is klein en lyk asof dit uit die klippe teen die krans self ontspring; ander, nader aan die wal, vloei weer sterker. En tussenin klou kremetartbome verbete aan rotseilandjies vas.

Teen sonsondergang verkleur die lug pienk en die skuim van die val brand 'n helder oranje.

Ek dink aan ander watervalle waar ek al was. Nee, Epupa is beslis nie so magtig soos die Victoria-waterval nie, maar dis ongerep en – meer as enigets anders – onverwags. Hier is geen vertrapping nie, niks handrelings, parkhekke en aanwysingsborde nie, net 'n onverwagte skouspel van water in 'n land vol dorre rivierlope.

Van hier bo sien jy hoe inwoners van die kontrei in die poele teenaan die valende water bad en klere was. En reg agter die grootste waterval steek 'n gebou in die palmsoom uit – Epupa Falls Lodge, my slaapplek vir die aand.

Koos se kroos

Epupa Falls Lodge is Koos van Wyk se plek, maar almal hier rond ken hom as Koos Kunene. Hy is ietwat van 'n legende in hierdie hoekie van die wêreld, maar duidelik ongemaaklik met die faam wat daarmee gepaard gaan.

“Ek doen nie onderhoude met joernaliste nie. As jy met my wil praat, kom braai vanaand saam,” sê Koos toe ek groet en myself voorstel.

Ek gaan slaan my tent so naby aan die water op as wat ek kan en sluit aan by die braaivleisvuur.

Ene Andries Oberholzer, Anneke de Kock van die Kaap en broer Sarel, ’n sendeling, kuier ook saam. Ek vra vir Andries waar hy vandaan kom. “Sommer orals.”

Sarel Visser was vir jare ’n sendeling in Kaokoveld en het saam met sy vrou, Nettie, en hulle skaaphond, Karla, uit Outjo vir Koos kom kuier.

Koos sit langs die vuur, kaalvoet met ’n verbleikte pet en ’n kleuter op elke knie.

“Ek het hulle ma grootgemaak,” vertel hy. “Sy was van Angola. Nou maak ek haar dogtertjies ook groot – dis Chiconene en Pikkewyn.”

Epupa Falls Lodge se hekke is nooit gesluit nie en terwyl Koos praat, bekruip twee Himba-meisies in tradisionele gewaad hom van buite die perseel en maak hom skrik.


“Sien, dit is wat baie plekke teen die rivier nie het nie,” verduidelik hy terwyl die meisies Anneke se hare begin vleg. “As jy hier kom bly, ervaar jy die rivier én sy mense.”

Die kinders bly vir ete en nadat broer Sarel elkeen se bord kos gesëen het, vertel Koos hoe hy in die Kalahari grootgeword en byna drie dekades gelede twee plekke in die noorde van die land kom ontwikkel het.

Nadat sy plek in die Marienfluss in 2010 afgebrand het, het hy homself op hierdie kamp langs die Kunene toegespits.

“Ek het op my eie hiernatoe gekom, weg van Saterdag-aand-braais en Sondagmiddag-potjiekos. En hier sit ek nou. En ek is happy,” sê Koos. Pikkewyn het intussen op sy skoot aan die slaap geraak.

Ná ’n lang dag roep my oprolmatras. Vanuit my tent hoor ek die gedruis van die Epupa-waterval net hier anderkant, en Koos Kunene en sy vriend Andries wat langs die kampvuur sing: “Gee my die ou Kalahari, die ou Kalahariland!”



Die laaste swerwers

Die volgende oggend ontmoet ek vir John Muhenje by die hek van die Epupa Falls Lodge. Hy het sy tradisionele beesvel-lendedoek verruil vir ’n kakiebroek en oopknoophemp, en neem besoekers om Himba-mense te ontmoet.

Ek betaal John R150, en hy sê ek moet nog nie my beursie wegsit nie. “Jy kan nie net met leë hande by ’n Himba-stat opdaag nie,” verduidelik hy. “En hulle wil nie geld hê nie.”

Ek gaan koop ’n paar sakke mieliemeel by die lodge se winkeltjie en ons ry sowat 10 km uit die dorpie uit tot by ’n Himba-nedersetting in die veld.

Die Kunene-vallei en die aangrensende woestyn is die tuisland van die Himbas. Hulle is die enigste tradisionele nomadiese groep in Namibië en nedersettings soos hierdié – met die sekuriteit van konstante water uit die rivier – is die uitsondering.

Die stat is stil. Behalwe vir twee vroue, ’n kind, ’n paar jong bokke en hoenders lyk dit verlate.



Gaan kuier by die Himbas

As jy by Epupa self vir die Himbas wil gaan kuier (R150 p.p.), bel vir John Muhenje en reël ’n besoek; ☎ 0026481 352 3148. Al die blyplekke by Epupa-waterval (asook die Kunene River Lodge) reël ook hulle eie besoeke en die pryse wissel: Epupa Falls Lodge R750 p.p., Epupa Camp R530 p.p., Omarunga Lodge & Campsite R630 p.p., Kapika Waterfall Lodge R590 p.p. en Kunene River Lodge R300 p.p.

WILDE WATERS KUNENERIVIER

RIVIERHONDE (oorkantste bladsy). Me en Too, Pete Morgan se jack russells, is net so lief vir 'n sons-ondergangvaart soos die toeriste – ondanks die feit dat hulle halfpad al vaak raak.



Kapika Waterfall Lodge

Speel op die water

By die Epupa-waterval is daar twee blyplekke wat begeleide roei-uitstappies in opblaaskajakke aanbied: **Kapika Waterfall Lodge** doen vier uur lange toere (R480 p.p.), terwyl **Epupa Camp** halfdagritte (R350 p.p.) aanbied. **Kunene River Lodge** verhuur kano's (R200 p.d.), of jy kan saam met 'n gids vir 'n halfdag deur die Ondorusu-kloof (stroomop) gaan roei (R480 p.p.). Kunene River Lodge bied ook ander bootritte aan: 'n twee uur lange vroegoggendvoëlkykrit (R330 p.p.); 'n bootrit opsoek na die angolajan-frederik (R900 p.p. vir die hele dag) en die angolasyie (R330 p.p.); asook 'n skemerkelkiebootrit (R330 p.p.).

“Die mans is in die veld, besig om bokke op te pas,” verduidelik John.

“Die vroue is hier om seker te maak alles val nie uitmekaar nie. Hulle doen alles rondom die kamp, van kosmaak en hout aandra tot die hutte pleister.”

Die hutte is met mopanietakke gebou en gepleister met 'n mengsel van beesmis en klei. Die stat se woninkies staan in 'n sirkel rondom 'n beeskraal waar 'n heilige vuur in die middel brand.

Soos enige woestynstam s'n word die Himbas se kultuur ook deur die skaarsheid van water beïnvloed. Een manier hoe water bespaar word, is dat vroue nie water mag gebruik om te bad nie. Hulle smeer hulleself in met *otjize* – 'n mengsel van rooi oker en bottervet, wat hulle vel die roesbruin voorkoms gee.

Die Himba gebruik ook die *otjize* in hulle kenmerkende rooi haarlokke. “Jy kan baie leer van iemand deur na hulle hare te kyk,” verduidelik John.

“Net uit die haarstyl kan jy aflei of 'n Himba enkellopend, getroud of 'n wewe-naar is. Jy kan selfs sien of die persoon een van 'n tweeling is!”

Op pad terug vra ek vir John hoe hy die Himba-leefstyl van ouds met sy Westerse bestaan vereenselwig. “Dit is soms moeilik om dit te balanseer, hier bots die moderne wêreld met die tradisionele en ek het 'n voet in albei. Soms trek ek steeds my tradisionele Himba-klere aan en bring tyd saam met my familie deur. Hierdie sal altyd my kultuur en my mense bly.”

Kortpad al op die oewer langs

Terug by Epupa Falls Lodge slaan ek kamp af en gaan groet vir Koos voordat ek die ompad Swartbooisdrif toe aanpak. “Hoekom ry jy nie rivierlangs nie? Hulle het 'n nuwe pad geskraap!” vertel hy my.

Ek kan my ore byna nie glo nie, en maak eers hééltemal seker of hy dink ek sal dit met die bakkie maak.

“Maklik! Die laaste 20 km moet nog geskraap word, maar dit is nie so wild nie. Die res kan jy amper met 'n plat kar ry. Hier kom deesdae gereeld knorrige 4x4-bestuurders aan wat van plan was om 'n dag daarvan te maak deur die harde-

baardpad van Swartbooisdrif tot hier te ry. Teen middagete sit hulle al op my dek en bier drink.”

Ek vertrou Koos se woord, skud sy blad en kies koers.

Buite die lodgehek draai ek links en ry verby Koos se bure, die Omarunga Lodge & Camp, sowel as die deftige Kapika Waterfall Lodge wat teen 'n hoogtetjie met 'n uitsig oor die rivier sit, en die afdraai na Epupa se vierde verblyfopsie, die net so spoggerige Epupa Camp 'n klipgooi stroomop. (Sien bl. 115 vir al vier plekke se pryse.) Die grondpad is inderdaad geskraap en met die rivier nooit te ver van jou linkerskouer nie, gly die breë, plat pad oor die heuwels en deur valleitjies wat deur die sytakke van die Kunene gevorm is.

Behalwe vir 'n paar padskrapers is hier geen verkeer nie, en omdat die pad so nuut is, is hier ook nog geen ander blyplekke langs die stroom nie.

Plek-plek sien ek waarlangs die ou pad geloop het. Jy moes inderdaad hare op jou tande gehad het om hom aan te pak! Dis 'n ongelyke tweespoorpad wat steil klim oor klipperige heuwels wat lyk asof geen voertuig veronderstel is om daarlangs te ry nie.

Dit beteken egter nie dat die nuwe pad nie enige beproewings inhou nie. Bo-op een heuvel hoor ek skielik die mismoedige klank van pap rubber op gruis. Koos het my wel gewaarsku teen die kans vir pap wiele op 'n varsgeskraapte pad: “Die klippe het nog nie gaan rus nie.”

Tog, as ek 'n plek kon kiés om te sukkel om bande om te ruil, sou dit hier wees. Selfs toe die noodwiel vas is, val ek nie dadelik in die pad nie, maar sit agterop die bak en drink 'n koeldrank terwyl ek kyk hoe die Kunene salig sy pad deur die heuwels vind.

Ek is skaars weer op die pad, toe 'n Himba-man skielik voor my inspring en beduie ek moet stop. My eerste instink is dat ek in die moeilikheid is. Het ek nou oor iemand se privaatrein gery?

Maar die man hou albei duime in die lug, gee 'n harde fluit en vir die volgende tien minute sit ek in Kunene-verkeer: sy bokke wat oor die pad gejaag word water toe.

Die laaste 20 km raak die pad weer 'n

tweespoor en swenk nog nader aan die water. Die nuwe rivierpad maak die wêreld oop. Vir die eerste keer kan jy nou Epupa-waterval deel maak van 'n sirkelroete. Tog verstaan ek nou die misnoeë van die 4x4-manne wat gekla het oor die pad wat geskraap is: Die laaste 20km tweespoorpad wat nog nie versorg is nie, het 'n lekkerte van sy eie. Soos die rivier, is dié stukkie pad wild en ongerep.

By Swartbooisdrif sluit die tweespoorpad aan by die hoofpad – die pad wat ek sou ry as ek vanoggend die ompad gevat het. En net buite Swartbooisdrif stop ek by die Kunene River Lodge.

Die eb en vloed van die Kunene


Een van die trekpleisters van die Kunene is die voëls wat hier voorkom – meer as 300 spesies! Voëlkykers kom van heinde en ver om voëls soos die rooistertmôrelyster, angolajanfrederik en die angolasysie op hulle lysies af te merk.

Dis die enigste plek in Suider-Afrika waar hierdie voëls voorkom, en Pete Morgan weet waar om hulle te kry.

“Hier kom soms mense van Europa en Noord-Amerika aan en betaal vir twee weke se verblyf net om die angolajanfrederik te sien te kry,” vertel Pete terwyl hy vir my foto's van die voëls in sy kantoor by Kunene River Lodge wys.

“Ek vat hulle dan teen die rivier op, hulle sien dieselfde dag die voëls en gaan klim dadelik in hulle kar en waai. Hulle het gekom eksklusief om dié swart-en-wit voëltjie te sien. Maar dit pla my nie, hulle het klaar betaal!”

Die eerste keer toe Pete en sy vrou, Hillary, die Kunene River Lodge aangedoen het, was hulle gaste. Hulle was só mal oor die plek dat hulle dit in 2005 gekoop het. Saam het hulle die plek opgebou dat hier vandag iets vir almal is, van 'n dek waar jy heeldag kan sit en die rivier dophou, tot kajakke vir die meer avontuurlustiges wat die stroomversnelings wil aandurf.





GEEN DOEANE. Pete meer vas in Angola vir 'n vinnige *gin & tonic* op 'n sonsondergangvaart by die Kunene River Lodge.

Vandag is hier geen ander kampeerdere in die kamp nie en ek kan kies waar om my tent op te slaan. Ek besluit op die staanplek verste van die hek af – hier is dit stil, teenaan die water en die wal is steil genoeg dat ek nie hoef bekommerd te wees oor krokodille nie... my tentdeur kan hoeka nie meer toerits nie!

Ek het deur Kaokoland gery om hier uit te kom en die sinkplaatpad het my toerusting laat les opsê. Die pad het ook die nate van my boksies melk losgeskud en omtrent al my droë kos bederf – my laatmiddagete is vandag kitsnoedels met 'n blikkie worsies.

Net voor die son sak, klim ek en Pete op sy boot. Sy twee jack russells kom saam. “Hulle name is Me en Too,” sê Pete terwyl hy die skuit stuur. “As die een iets doen, wil die ander een ook.”

Pete is al honderde kere in die rivier op en weet presies waar jy watter voëls gaan sien en waar die krokodille se guns-telingbaaiplekke is. Skaars voëls soos die donkergrysvalk, perskakelaar, Bennettspeeg, bloupenspegegaai, kaalwangkatlagter, ovamboswartmees, olyfbyvreter en die kortstertlaksman kom almal in die rivier voor.

Met 'n bier in die hand vaar ons tot teenaan 'n groot stroomversnelling. “Die Kunene is 'n tawwe rivier,” waarsku Pete. “Hier is watervalle, stroomversnellings,

krokodille en plekke waar die oewer net klip en kranse is. En dit is nooit dieselfde nie, want die rivier het getye.”

Die hidroëlektrisiteitskema wat in 1970's by Ruacana (50 km stroomop) gebou is, dam die rivierwater op en die oop- en toetrek van die sluise maak dat die Kunene onder die skema die laaste paar jaar 'n hoog- en laagwater het.

Toe ons terugdraai, sit die son al laag. Me en Too wat eers op die boeg gestaan het, lê en slaap nou op die boot se bankies.

Die rivier is vreedzaam hier, skynbaar salig onbewus van sy eie onstuimigheid etlike kilometers stroomaf. Die silhoeëtte van palms op die oewer gooi 'n spieëlbeeld op die water. Pete maak 'n laaste stop. Ons meer vas teen 'n sandbank aan Angola se kant en *gin & tonic* word geskink.

Namate die son sak, kom die vlermuise uit en so ook 'n vlermuisevalk – 'n spesie wat gewoonlik net in Etosha en die Zam-besi-streek hou. Die valk jaag die vlermuise soos 'n vegvliegtuig rond en ná 'n paar probeerslae gryp hy een uit die lug, verorber die vlermuis net so in vlug en sit sy honger jagtog voort.

Die vertoning duur totdat die son heeltemal agter die horison verdwyn.

Die volgende oggend word ek wakker van 'n blouaap wat by my stukkende tentdeur inloer en nie verwag het om iemand binne te sien nie. Ek weet nie wie die grootste geskrik het nie, maar vir die res van die oggend gewaar ek nie 'n enkele aap nie.

Terwyl die rivier se water in die koel oggendlug opstroom, slaan ek tent af en besef: Hier is jy nie veronderstel om net vir een aand oor te staan nie.

Die laaste kabbel van die Kunene

Van die Kunene River Lodge af tot by Ruacana loop die grondpad teenaan die rivier en dwaal so nou en dan binneland toe waar die wêreld teen die stroom te woens raak.

Waar die enigste beskawing langs die nuutgeskraapte pad net Himbanedersettings was, sien ek nou al meer blyplekke langs die rivier en selfs 'n plaashuis of twee.

Op pad na Ruacana loer ek in by kampe langs die pad. Kunene Islands, Omunjandi en Mavinga-kamp (sien bl. 115 vir GPS-punte en pryse) hou dalk nie kers vas vir die Kunene River Lodge nie, maar die kampe is netjies en óp die water – hier het jy niks meer nodig nie.

Epupa is ook nie die enigste waterval in die Kunenerivier nie. Die Ruacana-waterval in vloed is iets om te aanskou, maar dit gebeur deesdae selde. Die water word weggelei deur die hidroëlektriese aanleg en die rotse waaroor water vir eeue getuimel het, bak deesdae droog in die son.

Aan die voet van die eertydse Ruacana-waterval is die Hippo Pools-kamp wat saam met die waterval opgedroog het. 'n Mens kan steeds hier kamp, maar die plek lyk vervalle en ek hou liever verby.

Net ná Hippo Pools raak die grondpad weer teer. Ek hou stil en kyk vir oulaas terug oor die Kunene, hier waar hy nou noord draai, oor die grens Angola in. Van hier af oos is die landsgrens vir 445 km 'n reguit lyn tot waar dit weer die loop van die Okavangorivier begin volg. Met 'n gewone voertuig kan jy 138 km van die Kunene aan Namibië se kant bereik. Dis 'n 138 km lange oase in 'n ongenaakbare landskap. Die res van hom – nagenoeg 900 km – bly onbekend. Maar dié voorsmaak van hierdie wilde rivier sal my keer op keer terugroep.

VOET IN DIE HOEK. Die 94 km lange rivierpad tussen die Epupa-waterval en Swartbooisdrif het voorheen meer as 10 uur gevat – met 'n 4x4. Maar die pad is herbou en geskraap en jy kan voor middagete van sy een punt na die ander ry.

EPUPA FALLS LODGE



Vanaf **R950** p.p. wat deel
Akkommodasie
Aandete | Ontbyt
Bespreek nou:
+264 81 250 8225

bookings@epupafallslodge.com
www.epupafallslodge.com